Preek
Sondag 10 Februarie 2008
Ds Freddie Schoeman

Skriflesing: Johannes 10:1-15

10 *"Dít verseker Ek julle: Wie nie deur die hek in die skaapkraal ingaan nie maar van 'n ander kant af inklim, is 'n dief en 'n rower.* [2] *Maar hy wat deur die hek ingaan, is die skape se herder;* [3] *vir hom maak die hekwagter oop. Die skape luister na die herder se stem. Hy roep sy skape op hulle name en lei hulle uit.* [4] *Wanneer hy al sy skape uitgebring het, loop hy voor hulle uit, en die skape volg hom, omdat hulle sy stem ken.* [5] *Hulle sal nooit 'n vreemde volg nie maar van hom af weghardloop, omdat hulle nie die stem van vreemdes ken nie."*

...

[7] *Toe het Jesus verder gesê: "Dit verseker Ek julle: Ek is die ingang vir die skape.* [8] *Almal wat voor My gekom het, is diewe en rowers; maar die skape het nie na hulle geluister nie.* [9] *Ek is die ingang; as iemand deur My ingaan, sal hy gered word. Hy sal in en uit gaan en weiding kry.* [10] *'n Dief kom net steel en slag en uitroei; Ek het gekom sodat hulle die lewe kan hê, en dit in oorvloed.*

[11] *"Ek is die goeie herder. Die goeie herder lê sy lewe af vir die skape.* [12] *'n Huurling is geen herder nie, en dit is nie sy eie skape nie. As hy 'n wolf sien kom, los hy die skape en hardloop weg, en die wolf vang die skape en jaag die trop uitmekaar.* [13] *Hy is 'n huurling en bekommer hom nie oor die skape nie.* [14] *"Ek is die goeie herder. Ek ken my skape, en my skape ken My,* [15] *net soos die Vader My ken en Ek die Vader ken; en Ek lê my lewe af vir die skape.*

Let op:

- Die liefde van die Herder vir die skape – bereid om sy lewe af te lê
- Elke skaap het 'n naam – elke skaap is spesiaal – word op naam geroep
- Skape ken die stem van die herder – volg Hom. Loop ons op sy spoor?
- Diewe en die rowers – daar magte en kragte in hierdie wêreld wat ons van koers af wil bring
- Jesus se bedoeling: lewe, en dit in oorvloed.

'n Skaap wat in die sorg van 'n goeie herder is, beleef geborgenheid en vrede. In Filippense 4 praat Paulus van die *vrede van God* wat alle verstand te bowe gaan – wat oor ons harte en gedagtes wag hou. Wat is dit ? Hoe lyk hierdie vrede?

Verhaal van man wat deur tier gejaag is – dis die vrede waarvan Paulus praat.

Ons beland dikwels in sulke situasies: tussen die tier en afgrond. Verkeer dikwels in vasgeloopte situasies – Vraag: wat is dit wat maak dat ons die

aarbeie raaksien en dit pluk en die eet en *dit geniet*? Die vrede wat alle verstand te bowe gaan!
Dit is die soort vrede wat die Here graag oor die loop van die volgende veertig dae in ons harte wil bewerk. Dis 'n belangrike deel van die lewe in oorvloed waarvan Jesus praat.

Hoe bewerk God hierdie vrede in ons? Die antwoord kry ons in Johannes 10. Hy doen dit wanneer ons na die stem van die Goeie Herder luister en Hom volg, wanneer ons die spoor van Jesus volg. Dan kry ons die lewe in oorvloed – 'n lewe van liefde, vreugde en die vrede wat alle verstand te bowe gaan.

Hoe volg ons Jesus?

Beginsels van spoorsny in die veld:

- ☐ Staan vierkantig op die spoor
- ☐ Kyk op
- ☐ Moenie rondkyk nie
- ☐ Volg die waarskynlike roete
- ☐ Verloor? Gaan terug na waar jy die spoor laas gehad het.

Staan vierkantig op God se spoor

Staan vierkantig op die spoor – verbintenis – in die rigting van die spoor / Staan vierkantig op die Woord – vyf kenmerke van God se spoor is die vyf groot waarhede van die Bybel. Die Bybel wil vyf basiese dinge vir ons sê:

Kenmerke van God se spoor soos wat ons dit in die Bybel vind:

Eerste en duidelikste kenmerk – GENADE – Waarheid agter die woord is: *God het jou lief*

Tweede kenmerk – GEMEENSKAP – Waarheid agter die woord is: *God sorg vir jou*

Derde kenmerk – GEBED – Waarheid agter die woord is: *God gee vir jou krag*

Vierde kenmerk – GROEI – Waarheid agter die woord is: *God maak jou nuut*

Vyfde kenmerk – GEHOORSAAMHEID – Waarheid agter die woord is: *God roep jou*

Ons gaan hierdie spoor oor die volgende paar weke baie goed leer ken.

Kyk op

God is nie in die Bybel nie – net sy spoor. Ons moet leer om God in die lewe van elke dag raak te sien.

- Vandag nog sluit God 'n verbond met mense en loop Hy 'n pad met hulle – soos Abraham

- Vandag nog hoor God die noodkrete van mense en doen Hy iets daaraan – soos met Moses

- Vandag nog wil God hê dat ons reg sal lewe – soos destyds by Sinai.

Die dier wat in die veld loop versteur die konteks (sien dit nie sommer raak nie) – ons moet gaan kyk waar God die konteks versteur. Ons moet leer om dit raak te sien. Ons moet met geloofsoë kyk. Dinge gebeur nie sommer maar net toevallig nie. God is konstant besig met ons – Hy is konstant betrokke by ons lewens.

Moenie rondkyk nie

Daar is baie dinge wat ons aandag kan aftrek. As ons ons weer kom kry – dan is ons glad nie meer op die spoor nie. Dit verg 'n stuk dissipline.

- geleenthede
- probleme

Volg die waarskynlike roete

Die waarskynlike roete wat God volg is die roete van die gewone en die alledaagse. Ons wil graag groot wonderwerke sien – hoe God op wonderbaarlike wyses mense gesond maak of groot dinge – ons soek God in die groot dinge. God is 99% van die tyd te vind in die klein dinge.

- daaglikse sorg
- toevallighede
- gewone mense

Gaan terug na waar jy die <u>spoor</u> laas gehad het

Terug na die Woord. Elke dag.

Verbintenis

Geloofsbelydenis

Lied 505